the railway was constructed from Lyttelton to the Air Depot west of Kloof Zicht.

During the last 50 years Pretoria has changed enormously—chiefly through circumstances—what will it be like in 50 years hence?

Many young people to-day will give a lot of pleasure in 2005 when Pretoria celebrates its 150th anniversary, if they are able to produce a few good photographs of Pretoria as it appears in this year of grace. Snaps 2½" x 3¼" are quite big enough, but take plenty of them, and **preserve the negatives.** There is plenty of scope; churches, schools, government buildings, municipal buildings, business premises, private residences and sports grounds. One could make a start with Fountain Lodge at the corner of Paul Kruger and Skinner Streets as that is probably the oldest house in Pretoria. Then there is the old Turkish Baths in Trevenna, which, I have been told, was a farm house before Trevenna was laid out. Kruger House is not likely to be demolished but will Ulundi House survive?

Pretoria has grown a lot since the turn of the century and is growing very rapidly just now, and it is not difficult to see that the character of the place is changing too. The next generation will find it difficult to understand why it was known as a sleepy hollow in the olden days. The days when the housewife put her bags and basket into the bus and asked: "We've five minutes, haven't we? I'll be quick—I just want to get a pound of butter from the grocer." The five minutes up, driver and passengers would strain to see whether the good lady with her pound of butter was in sight, driver would give a gentle toot, she would come running, flushed but triumphant. "Thank you SO much conductor," a smile for the whole bus, passengers relieved that she had caught the bus and also that they wouldn't be very late in leaving, sat back in their seats and off they went. Those days have gone, but Pretoria still has its charm—I hope it will still be there when my grandchildren are as old as I am.

C. J. BEANES.

---

# DIE KRONIEKE VAN WALLMANNSTHAL

T. S. VAN ROOYEN

## I.

Sowat sewentien myl noord van Pretoria op die Warmbadpad staan daar 'n wegwyser met die woord „Wallmannsthal" daarop aangebring. As die nuuskierige daarop regs van die hoofpad afdraai in die rigting soos aangedui deur die wegwyser, bevind hy hom op 'n stowwerige pad wat deur die hartjie van 'n Ndebelegebied gaan. Aan weerskante van die pad



*Die leë mure van die Duitse Sendingkerk in Boomstraat wat omstreeks 1870 gebou is. Hierdie kerkie word nou afgebreek om plek te maak vir munisipale busskure. Sic transit gloria mundi . . . . .* *(Foto: Dr. Meyer)*

en verder teen die heuwels staan talle naturelle kleihuise. Sommige van hulle is nogal kunstig versier met wit kleistrepe wat vooraan die huise aangebring is en mooi teen die vaal agtergrond van die mure vertoon. Die reisiger voel onmiddellik dat hy hier uit die blanke beskawingsomgewing geplaas is en hom binne in 'n meer primitiewe omgewing bevind wat eie is aan die naturel maar ook reeds tekens toon van blanke invloed.

Sowat sewe myl verder vorm die omgewing 'n vlak vallei en oorkant teen die helling van 'n bult gewaar 'n mens 'n groep geboue omring deur hoë bloekombome. Dit is „Wallmannsthal", die sendingstasie van die Berlynse Sendinggenootskap wat ongeveer 1869 hier aangelê is[1]. Hier tussen die ou geboue van die stasie en onder die lang ry bloekombome wat aan weerskante van die grondpad aangelê is, heers daar 'n gedempte rustige atmosfeer wat altoos so eie is aan 'n sendingstasie wat al 'n jaar of sestig as godsdienstige sentrum van die omgewing dien. Vir 'n paar oomblikke vergeet 'n mens die gejaag van die moderne beskawing daar anderkant die Magaliesberge en voel jy die aanwesigheid van mense wat lank gelede hier gewerk het, die boodskap van Christus tot die omliggende stamme gebring het, hier ver van hul vaderland af gesterf het en daar anderkant die pad in die kerkhof saam met hul bekeerlinge begrawe is.

Na die Tweede Wêreldoorlog het daar nie meer 'n blanke sendeling gewoon nie. Die ou sendinghuis is vandag 'n skool, terwyl die kerklike werksaamhede voortgesit word deur Daniël Mokone, 'n naturelle evangelis, onder leiding van Pastoor O. Papke van die Duitse gemeente te Pretoria. Ons moet dan ook hier ons waardering uitspreek teenoor Pastoor Papke vir sy beskikbaarstelling van die Kronieke van „Wallmannsthal" en ook vir sy toestemming om dit in die hier volgende vertaalde vorm in ons tydskrif te publiseer. Ook spreek ons ons dank uit teenoor menere M. Jäckel en P. Reitz, albei studente aan die Universiteit Pretoria, wat behulpsaam was met die afskryf van die Kronieke. Dr. Meyer van die departement Wysbegeerte aan ons Universiteit het ten spyte van sy vele verpligtinge, 'n hele middag opgeoffer om vir ons 'n reeks foto's van die geboue te neem, terwyl ons ywerige sekretaris, dr. Spies, sy motor tot ons beskikking gestel het vir die rit. Ook aan hulle ons dank en waardering.

Die Kronieke van „Wallmannsthal" is ongelukkig nie begin net na die stigting van die sendingstasie nie. Daarmee is eers 'n begin gemaak na die eerste wêreldoorlog. Die samestellers daarvan het nogtans, deur gebruikmaking van berigte wat in die betrokke jare in sendingtydskrifte verskyn het, asook deur gebruikmaking van die sendingrapporte wat in

---

[1] Vgl. U.R. 3, 27 Maart 1869, art. 51: „Aan de orde eene memorie van den Zendeling C. Knothe, verzoekende dat op eene plaats vroeger toebehoord hebbende aan den Heer W. Boshoff aan Pienaarsrivier door het Berlijnsche Zendeling Genootschap, eene zending statie worden opgerigt, benewens eene memorie van dien aard van den kaptein Johannes Kekane. — Besloten dat verzoek toe te staan."

die sending-argiewe in Berlyn bewaar is, daarin geslaag om 'n deurlopende relaas vanaf sowat 1870 daar te stel. Die sienswyse i.v.m. aangeleenthede in die Republiek, veral oor die verhouding tussen die blankes en naturelle, hoef nie noodwendig as korrek aanvaar te word nie. Ons moet egter onthou dat die betrokke sendelinge dinge gestel het soos hulle **dit gesien en aangevoel het.** Daarvolgens het hulle dan ook opgetree. Assulks vorm hierdie kronieke 'n belangrike historiese bron en kan die student wat geïnteresseerd is in die historiese agtergrond tot ons blank-nie-blankverhoudinge met vrug daarvan gebruik maak.

## SENDELINGE TE WALLMANNSTHAL.

### Maart 1870—Desember 1878.

In Maart is eerwaarde C. Knothe van Pretoria na Wallmannsthal verplaas[2]. Vir hierdie verplasing is in die **„Missionsberichte"** van 1871, p. 335, die volgende redes aangevoer: „Die gewigtigste gebeurtenis vir die gemeente te Pretoria was dat in Maart 1870 die Broers Grünberger en Knothe hul arbeidsveld met mekaar verruil het. Tot op daardie stadium was **„Wallmannsthal"**[3] naamlik 'n buitestasie van Pretoria gewees en is deur eerw. F. C. A. Grünberger opgerig[4]. Nadat hy as predikant georden is, kon hy, omdat hy hom meer tot die diens van 'n gemeente wat uit blankes bestaan het, aangetrokke gevoel het, terwyl Knothe homself meer tot die evangeliewerk onder onbeskaafde Heidene geroepe gevoel het, met Knothe ruil, sodat hy as selfstandige sendeling die Pretoriagemeente kon oorneem, terwyl Knothe na **„Wallmannsthal"** oorgetrek het."

Die aanvang van die werksaamhede te **„Wallmannsthal"** was moeilik. Daar moes 'n woonhuis, kerk en skool gebou word, terwyl die sendingwerk veel tyd geverg het. Moeilikhede het ook ontstaan as gevolg van die naturellewetgewing van die Republiek, wat gedreig het om Knothe se arbeid te versteur[5] asook as gevolg van die afsydigheid en latere vyandigheid van die hoofmanne Kekane en Molebeledi (1873). Nadat hierdie kapteins met 'n gedeelte van hul volgelinge weggetrek het, is die gemeente egter versterk deur nuwe inkomelinge uit die Noorde. (Ndebele kaptein Papo).

---

[2] Vgl. die Eeufees-Album van Pretoria, p. 16 vir verdere besonderhede oor die Duitse sendingkerk in Pretoria. Vgl. ook Pretoriana, Deel 3, No. 1, p. 2.

[3] Wallmannsthal is na die Duitse sendingvriend en lektor-inspekteur van die Duitse sendingkwekelinge in Duitsland nl. Wallmann (geb. 1811, oorlede 1865) genoem.

[4] Vgl. ook Kratzenstein, E.: Kurze Geschichte der Berliner Mission in Süd-Afrika, p. 170. (Berlyn, 1878).

[5] Meer besonderhede word in die volgende uitgawes verstrek.



AL WAT DAAR DRIE MAANDE GELEDE VAN DIE SENDINGKERK IN BOOMSTRAAT OORGEBLY HET

(Foto: Dr. Meyer)

Ons sendeling is gedurende die jare 1874 en 1876 deur swaar teenslae geteister. Op die 6de Oktober 1874 het sy jongste dogtertjie Gertrud skielik gesterf. As gevolg van die dood van hierdie dogtertjie en ook as gevolg van die koors is die gesondheidstoestand van sy vrou in so 'n mate ondergrawe, dat Knothe verplig was om met sy familie na Durban af te reis om daar te gaan rus. Op hierdie reis het sy sewejarige seun Karl verongeluk. Hierdie terugslag het die swaar beproefde ouers se vakansiereis in tragedie omskep.

In **„Wallmannsthal"** het Knothe sy seënryke opvoedingswerk vir die opleiding van naturelle-helpers en evangeliste daarna voortgesit. Daardeur het hy die fondament gelê vir die helper-sisteem wat nou nog in swang is en gewis veel tot die sukses van die werksaamhede van die Berlynse sending in Transvaal bygedra het.

Ook het hy sy werksaamhede i.v.m. die totstandkoming van 'n Sotho-literatuur wat hy reeds te Kxalatlola[6] begin het, voortgesit. Daarop het gevolg die vermeerderde uitgawe van die reeds in Pretoria uitgegewe „Padiso"[7] asook 'n vertaling van Zahn se **„Die Geskiedenis van die Ryk van God".** Op sy reis na Natal het hy ook 'n groot aantal kerk- en skoolliedere vertaal en selfs gedig.

Die jaar 1877 het in die teken van die Britse anneksasie van Transvaal en die daarmee gepaardgaande onrus en kommer gestaan.

Gedurende hierdie tyd het hy ook veel gereis. In 1867 het hy die sendingdirekteur D. Wangemann op sy eerste reis in Suid-Afrika na Sekukuniland en Bothsabelo vergesel[8].

In 1878 is Knothe tot superintendent van die Noord-Transvaalse sinode bevorder en na Mphome in Soutpansberg verplaas. Gedurende Augustus 1876 het hy reeds hierdie arbeidsveld besoek.

Te Wallmannsthal is nog verder die volgende kinders uit sy huwelik gebore: Ernestine Anna Agnes, gebore 12 Augustus 1871, gestorwe 16 Augustus 1922; Ernestine Anna Gertrud, gebore 4 Maart 1873, oorlede op 6 Oktober 1874 en Karl Paulus Gerhard, wat op die 7de Junie 1877 gebore is.

In die volgende uitgawe plaas ons uittreksels uit briewe en tydskrifartikels soos dit weergegee is in die Kronieke en wat 'n meer besondere weergawe is van Knothe se werksaamhede te **„Wallmannsthal."**

(WORD VERVOLG).

---

6) Kxalatlolo — 'n sendingstasie in Sekukuniland waar Knothe werksaam was voordat hy na Pretoria gekom het. Hierdie stasie is in 1862 deur die bekende Alexander Merensky en eerw. Nachtigal aangelê.

7) Leesboekie saamgestel met die oog op gebruik daarvan in naturelle skole.

8) Vergelyk die Eeufees-Album van Pretoria, p. 16.